

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JUNIE 2017

Geagte Mnr / Mev / Mej

NB: Die amptelike Highveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) kennisgewings is die enigste amptelike inligtingsbronne waar beleggers inligting oor die HSAG kan bekom. Ons nooi u vriendelik uit om ons webblad by www.hsaction.co.za te besoek vir enige verdere inligting. E-posse word ook van tyd tot tyd uitgestuur. Die onus is altyd op beleggers om seker te maak dat hul aansoekvorms tot die HSAG korrek voltooi is en om ons op hoogte te hou van enige veranderinge met betrekking tot hulle kontakbesonderhede asook hul e-pos adresse.

Besoek asseblief ons webtuiste by www.hsaction.co.za en voltooi die HSAG-vraelys op “Survey Monkey”.

1. ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat 31 Maart 2017 die afsnydatum vir laat-registrasies vir aansluiting by die HSAG was. Enige verdere laat-aansoeke sal slegs op 'n ad hoc-basis en onderhewig aan spesifieke voorwaardes oorweeg word. Alle versoeke en navrae moet skriftelik aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

2. VOORWOORD

Eerstens wil ons almal bedank wat positief gereageer het op die HSAG se opvraging van R2 000 per persoon as bydrae tot administratiewe en regs-kostes vir 2017. Ons kan u die versekering gee dat, indien dit nie vir hierdie ondersteuning en bydraes was nie, daar nie sprake van 'n klas-aksie kon wees wat die Respondente in die Sertifikasie van die Klas-aksie (Pretoria) en Aansoek om Tersydestelling van die Reëlinskema (Johannesburg) tot verantwoording te roep nie.

Ons is terdeë daarvan bewus dat daar 'n groot aantal HSAG-lede is wat onder finansiële druk gebuk gaan, maar kan ons u die absolute versekering gee dat elke bydrae help om te verseker dat reg en geregtigheid kan geskied. Daarbenewens is dit 'n baie groot saak en groep wat verteenwoordig word vir 'n totale beskermbare belang van ongeveer R4 800 000 000.00 (Viermiljard-agthonderdmiljoen Rand).

Die voorgenome HSAG klas-aksie teen mnr Nic Georgiou en ander ten aansien van die onsuksesvolle Pickvest eiendomsindikasieskemas kan 'n beduidende hupstoot kry. Mnr Morkel Steyn, 'n senior uitvoerende bemerkingsdirekteur van Pickvest en direkteur van al die Highveld-skemas, het homself gedistansieer van die eiendomsmagnaat, mnr Nic Georgiou, Orthotouch en verskeie ander verwante individue, aangesien hy nie daarvan oortuig is dat hulle in die beste belang van die beleggers optree nie.

Moneyweb het volledig berig nadat Mnr Steyn bekendgemaak het dat hy die Highveld Sindikasie Aksiegroep (HSAG), die dryfkrag agter die klas-askie, genader en sy bystand aangebied het. Besoek asseblief die HSAG-webtuiste vir die volledige artikel.

Daar is steeds persone (soos mev Elna Visagie en mnr Helgard Hancke) wie werksaam is by of geassosieerd is of die werksaamhede van Orthotouch of mnr Nic Georgiou ondersteun wie voortdurend besig is met verdagmakery ten aansien van die HSAG-bestuur en/of regsverteenvoerders, en spesifiek die hantering van trustfondse, maar kan ons u die versekering gee dat daar baie omsigtig met trustfondse gehandel word en ook dat onafhanklike kostekonsultante en ouditeure alle fondse wat bestee word nagaan en verifieer.

3. BETALING VAN UITSTAANDE REGISTRASIEKOSTE*

**Ignoreer asseblief hierdie punt indien u registrasiekoste reeds ten volle vereffen is.*

Dit is van uiterste belang dat enige registrasiekostes wat so lank gelede as 2014 reeds uitstaande is, so spoedig as moontlik op datum gebring moet word, ten einde daardie beleggers se registrasie as lid van die HSAG te voltooi.

Bykans drie jaar het reeds verloop sedert die HSAG tot stand gekom het en is dit uiters onbillik teenoor getroue lede van die HSAG dat persone wie regsverteenvoerding verlang in 'n saak waar die gemiddelde eisbedrag R250 000 is, nie bereid of gewillig is om die nominale bydrae vir registrasie te betaal nie.

Die HSAG geniet die beskerming van 'n regsman wat bestaan uit prokureurs en junior en senior advokate wat reeds 'n ver pad gestap het om voornemende eisers onder die sambreel van die HSAG te beskerm en word almal se samewerking vereis.

Die HSAG bestuur het besluit dat beleggers wie se registrasiekostes nie voor of op 31 Augustus 2017 ("die sperdatum") vereffen is nie, se lidmaatskap aan die HSAG sal ongelukkig opgeskort word. Opskorting van lidmaatskap sal beteken dat sodanige beleggers nie regsbeskerming vanaf die HSAG sal ontvang en geniet nie. Indien die belegger wel die agterstallige registrasiekostes sou betaal, word die belegger se lidmaatskap hervat.

HSAG-lede moet ook kennis neem dat daar persone, soos mev Elna Visagie en mnr Helgard Hancke is, wie voorheen in vertrouensverhoudings teenoor die HSAG en sy lede was, maar verkies het om diens te aanvaar by of die doelstellings van Orthotouch en/of mnr Nic Georgiou na te streef en hul agente te wees. Enige persoon wat deur hulle skik óf hulle doelstellings ondersteun moet verlief neem dat hulle beslis nie die ondersteuning of simpatie van die HSAG kan verwag nie.

4. HSAG-WEBTUISTE MENINGSPEILING

Ons wil graag alle beleggers bedank wat deelgeneem het aan die anonieme meningspeiling ("Survey Monkey"-vraelys) wat op ons webtuiste (by www.hsaction.co.za) geplaas is. Die terugvoering wat ons ontvang het is oorweldigend positief en 'n baie goeie aanduiding van die koers waarin die HSAG tans beweeg.

Ons deel graag enkele van die belangrike resultate van die vraelys met u. Indien u verdere navrae daaromtrent het kan u ons direk kontak by hsagenquiries@gmail.com.

Resultate uit die meningspeiling lui soos volg (dit weerspieël egter net die opinie van die beleggers wat aan die vraelys deelgeneem het) en is 'n goeie rigtingwyser wat in ooreenstemming is met die algemene gevoel van HSAG-lede wat ons telefonies, persoonlik of per e-pos gekontak het:

- i. **92% van beleggers glo dat litigasie (d.w.s. regsoptrede) die enigste uitweg is om hul kapitaal vanaf mnr Nic Georgiou en die ander respondente te verhaal.** Dit is lynreg teenoor die gerugte wat deur mnr Nic Georgiou/Orthotouch se agente (me Elna Visagie en mnr Helgard Hancke) versprei word dat die HSAG klas-aksie nie kan voortgaan nie. Van die redes wat aangevoer word waarom daar met 'n hofsak voortgegaan word, word daaraan toegeskryf dat Mnr Georgiou nie sy woord gestand gedoen het met betrekking tot sy verbeterde aanbod om te skik nie, asook dat Orthotouch eweneens nie hul verpligtinge nagekom het met die skikking van die Opsie 2 uitbetalings nie. Beleggers is ook woedend omdat Mnr Georgiou/Orthotouch telkemale die saak op tegniese punte probeer uitrek en dit blyk asof die skeptisisme van beleggers dat hulle hul geld op geen ander wyse as deur middel van regsaksie terug te kry nie, gegrond te wees;
- ii. **72% van beleggers se hoofbron van inligting is die HSAG se webtuiste (www.hsaction.co.za) en met 43% is die beleggers se tweede bron van inligting die HSAG se maandelikse nuusbrief wat aangeheg is aan u staat.** Die grootte van die HSAG en geografiese verspreiding van die lede maak dit algeheel onmoontlik, weens praktiese en koste-oorwegings, om per gewone pos of enige ander tradisionele wyse met HSAG-lede te kommunikeer. Ons is tans besig om buiten die webtuiste en e-pos kommunikasie ook twee offisiële HSAG WhatsApp-groepe, een in Afrikaans en een in Engels, van stapel te stuur ten einde kommunikasie met lede verder te vergemaklik;
- iii. **75% van beleggers het aangedui dat hulle tans nie aan 'n WhatsApp-groep behoort nie, maar 70% van die respondente het aangedui dat hul graag aan 'n amptelike HSAG WhatsApp-groep.** Daar is heelwat voordele daaraan verbonde om by 'n WhatsApp betrokke te raak maar is die uitsluitlike doel daarvan vir administratiewe aard, en om nie in 'n kletskamer te verander nie. Persone met navrae of griewe kan dit lug by hsagenquiries@gmail.com. Amptelike kennisgewings of vroe gedurig gevra ("FAQs") sal byvoorbeeld op hierdie groepe versprei kan word maar is dit moontlik dat die kommentaar daarop nie die amptelike standpunt van die HSAG Bestuur of die HSAG Prokureurs weerspieël nie. Deelname geskied op uitnodiging maar sal persone wat misbruik maak van hierdie platvorm summier daarvan verwyder word;
- iv. **50% van beleggers vertrou nie die inligting wat op huidige WhatsApp-groepe versprei word nie.** Tans word die WhatsApp-groepe deur agente, werknemers of ondersteuners van mnr Nic Georgiou/Orthotouch, bv **me Elna Visagie**, **mnr Herman Lombaard** en **Helgard Hancke**, bedryf. Verskeie korrespondensie en plasings waarin **mnr Don Dawson** kennelik mnr Nic Georgiou/Orthotouch se saak ondersteun was aan die HSAG-Bestuur voorgelê wat daarop dui dat hy nie as 'n lojale ondersteuner van die HSAG gereken kan word nie en moet lede dus versigtig omgaan met inligting wat deur hom versprei word. Hy het geen mandaat of magtiging om namens die HSAG op te tree nie;

- v. **70% van beleggers is ten gunste van die inisiatief dat amptelike kennisgewings aan hul gestuur moet word via 'n amptelike HSAG WhatsApp-groep.** Die HSAG is van voornemens om vanaf Julie 2017 amptelike WhatsApp-groepe vir Engels en Afrikaans van stapel te stuur. Persone wat belangstel om op sodanige WhatsApp-groepe te wees moet asseblief hul besonderhede (identiteitsnommers, selfoonnommers en die afkorting “Afr” of “Eng”) aan hsagenquiries@gmail.com aanstuur;
- vi. **56% van beleggers het aangedui dat hul nie bereid is om 'n skikkingsaanbod vir 65% van hul oorspronklike kapitaal wat belê is, te oorweeg nie.** Mnr Nic Georgiou het aangedui dat hy 'n beter aanbod wil maak as die vorige aanbod van 50% wat deur ongeveer een uit 10 lede van die HSAG aanvaar is. Een van die redes wat hy aangevoer het is dat hy die algehele HSAG klas-aksie wil skik. Nadat hy nie sy woord nagekom het nie, het die HSAG-bestuur (klik op skakels van die [brief](#) op ons [webtuiste](#)) Mnr Georgiou in kennis gestel dat die samesprekings met hom opgeskort word totdat hy 'n beter aanbod maak. Die boodskap wat HSAG-lede uitstuur is dat hulle nie bereid is om vir geringe bedrae te skik nie. Indien Mnr Georgiou 'n verbeterde skriftelike aanbod maak sal dit oorweeg en aan die HSAG-lede gekommunikeer word, aangesien 'n beduidende getal aangetoon het dat skikkingsonderhandelinge nie heeltemal van die tafel afgevee moet word nie;
- vii. **88% van beleggers het aangedui dat hul nog nie volle betaling in terme van Opsie 2 van Orthotouch se Reëlinskema ontvang het nie.** Hierdie mededeling deur die deelnemers aan die meningspeiling is bevestig deur 'n skrywe, gedateer 15 Junie 2017, wat Orthotouch aan beleggers gestuur het (sien die skakel op ons [webtuiste](#)) waarin Orthotouch bevestig dat hulle hul eie Reëlinskema, wat vervat is in 'n Hofbevel, verbreek het. Twee aspekte van kommer blyk uit hierdie skrywe, naamlik, eerstens dat hulle die Hofbevel sonder 'n geldige rede verbreek het (die rede wat aangevoer word, word nêrens in die Hofbevel aangespreek as 'n moontlike vertraging nie) en tweedens dat Orthotouch besig is om van onroerende eiendomme ontslae te raak ten einde 'n groepie beleggers 40% van hul kapitaal as volle vereffening te probeer betaal.
- viii. **91% van beleggers het aangedui dat die HSAG-webtuiste gebruikersvriendelik is.** Die HSAG streef daarna om die inligting wat op die webtuiste verskyn, so gebruikersvriendelik moontlik te maak en bedank almal wat positiewe insette gelewer het om die webtuiste 'n sukses te maak.

Indien daar beleggers is wat nog nie die kwartaallikse “Survey Monkey”-vraelys ingevul het nie, nooi ons u vriendelik uit om op die Survey Monkey–skakel vóór einde Junie 2017, te klik wat u op ons webtuiste se tuisblad, te www.hsaction.co.za, sal vind.

5. DIE HSAG KLAS-AKSIE

Soos voorheen berig, het die HSAG die afgelope tyd minstens vyf gunstige Hooggeregshofbeslissings (waarvan een die Hoogste Hof van Appèl insluit) ontvang wat onder andere gehandel het met die poging van mnr Nic Georgiou en Orthotouch aan die einde van 2016 om die HSAG Klas-aksie prokureurs op 'n onreëlmatige wyse te vervang as prokureurs van rekord en daarna die klas-aksie terug te trek.

Daarby het twee Hooggeregshowe in Pretoria en Johannesburg ook beslis dat nuwe applikante in die plek van die voormalige applikante wat met Mnr Georgiou saamgespan het om die klas-aksie te ontspoor, aan te stel.

Die Appèlhof het ook 'n baie duidelike boodskap uitgestuur dat interlokutêre (tussentydse) bevale in die guns van die HSAG, nie deur Mnr Georgiou en Andere geappelleer kan word nie. (Sien hieronder oor die Hoogste Hof van Appèl se bevel.)

Nieteenstaande die Appèlhof se bogenoemde waarskuwing; asook dat die herinstelling van die klas-aksie, die tersydestelling van die Reëlinskema, en die aanstelling van nuwe applikante suiwer interlokutêr (tussentyds) van aard is en dus die gevolg het dat daar nie teen hierdie uitsprake geappelleer kan word nie, het mnr Nic Georgiou en Orthotouch hul nie aan daardie Hofreëls gesteur nie. Kennisgewings was beteken waarin hulle aangedui het dat hulle teen beide die Johannesburg en Pretoria uitsprake wil appelleer. Hierdie aansoeke sal straks spoedig ná beëindiging van die winterhofreses met hervatting van die derde termyn in Augustus/September aangehoor word.

Persone wat nie toegang tot ons webtuiste het nie (maar wél oor e-pos beskik), het vir ons versoek om 'n lys van die vernaamste sake te verskaf wat sedert die HSAG aan die einde van 2014 begin het met die HSAG klas-aksie. Hierdie lys is slegs 'n bondige samevatting en is u derhalwe welkom om die verskeie hofstukke op ons webblad te raadpleeg of by ons aan te vra vir meer volledigheid:

i. SA Vlok & Ander / N Georgiou & Ander - Pretoria Hooggeregshof

Status: *(In proses) Sodra die Reëlinskema tersyde gestel is, sal die HSAG kan voortgaan met ons aansoek om die klas-aksie vir sindikasies 19 – 22 te sertifiseer.*

ii. J Geldenhuys & Ander / Orthotouch & Ander - Johannesburg Hooggeregshof & Bloemfontein Hoogste Hof van Appèl

Status: *(In proses) Sodra die “Herinstellingsaansoek” afgehandel is sal ons kan voortgaan met die tersydestelling van die Reëlinskema.*

Die Hoogste Hof van Appèl in Bloemfontein het op 30 November 2016 ook in die guns van die HSAG, met koste, beslis. Daar was beslis, na aanleiding van 'n poging van Orthotouch om te appelleer teen 'n vorige uitspraak van Regter Spilg in Johannesburg, dat die saak suiwer interlokutêr was en dat daar in elkgeval geen vooruitsig op sukses en geen genoegsame redes was waarom 'n appèl deur die Appèlhof aangehoor moet word nie. Die besigheidsreddingspraktisyn (“BRP”), mnr Hans Klopper, het sy aansoek tot appèl teruggetrek.

Orthotouch en Hans Klopper is ingevolge die uitspraak verplig om die prokureurs van die HSAG van 'n lys van persone (wat geregtig was om kragtens die Artikel 155-Reëlinskema te stem en aan wie kennis daarvan gegee is), te voorsien. Die Ontvanger van Orthotouch, mnr Derek Cohen, is ook verplig om die HSAG-prokureurs met 'n lys van persone wat ten gunste

van of teen die goedkeuring van die Artikel 155-Reëlinskema gestem het, te voorsien.

Die Ontvanger van Orthotouch, mnr Derek Cohen, het egter die Hooggeregshofbevel geminag deur 'n gebrekkige lys aan die HSAG-prokureurs te verskaf, in só 'n mate dat dit nie duidelik is wie vir óf teen die Reëlinskema gestem het nie. Gepaste stappe word teenoor hom oorweeg.

Die BRP, Hans Klopper, het eweneens die Hofbevel geminag deurdat hy ook 'n onvolledige en lukrake lys verskaf het wat geensins in ooreenstemming met die Hooggeregshofbevel is nie. Soortgelyke stappe, wat 'n kostebevel sal insluit, word teen hom oorweeg.

iii. **Aansoek kragtens Reël 30A – Johannesburg Hooggeregshof vir Plaasvervangende Betekening (Interlokutêre Aansoek)**

Status: Bevel toegestaan ten gunste van die HSAG (2016).

iv. **Aansoek kragtens Reël 30A – Johannesburg Hooggeregshof vir Plaasvervangende Betekening Interlokutêre Aansoek**

Status: Bevel toegestaan ten gunste van die HSAG (2016).

v. **Aansoek vir Verlof om Appèl - Johannesburg Hooggeregshof**

Status: Bevel toegestaan ten gunste van die HSAG (2016).

vi. **Petisie na die Hoogste Hof van Appèl - Bloemfontein Hooggeregshof**

Status: Bevel toegestaan ten gunste van die HSAG (2016).

vii. **Aansoek vir Herinstelling - Pretoria Hooggeregshof**

Status: Bevel toegestaan ten gunste van die HSAG (2017).

viii. **Aansoek vir Herinstelling - Johannesburg Hooggeregshof**

Status: Bevel toegestaan ten gunste van die HSAG, maar Mnr Georgiou en Orthotouch het geappelleer teen die hele bevel soos gelewer deur Regter Ismail (verwys na hieronder). Ons is tans in afwagting vir 'n datum deur die Hof vasgestel vir die aanhoor van die Aansoek vir Verlof om Appèl in die Johannesburgse Hooggeregshof.

ix. **Aansoek om Voeging - Pretoria Hooggeregshof**

Status: Bevel toegestaan ten gunste van die HSAG (2017). Vier nuwe Applikante is gevoeg ten einde die vorige Applikante wat met Mnr Georgiou geskik het te vervang.

x. **Aansoek om Voeging - Johannesburg Hooggeregshof**

Status: Bevel toegestaan ten gunste van die HSAG (2017). Vier nuwe Applikante is gevoeg ten einde die vorige Applikante wat met Mnr Georgiou geskik het te vervang.

xi. **Aansoek om Verlof tot Appèl (Herinstelling & Voeging) Johannesburg Hooggeregshof**

Status: Uitstaande Hoofde van Betoog (2017).

xii. **Aansoek om Verlof tot Appèl Herinstelling & Voeging) Pretoria Hooggeregshof**

Status: Uitgestel tot 2 Augustus 2017.

Die Aansoeke om Verlof tot Appèl in die Pretoria Hooggeregshof deur Mnr Georgiou/Orthotouch teen die herinstelling en voeging van Applikante was geplaas vir verhoor op 7 Junie 2017 deur Regter Murphy, maar moes uitgestel word tot 2 Augustus 2017 omrede mnr Nic Georgiou (die Twaalfde Applikant in die Aansoeke om Verlof tot Appèl) se regsspan nie bewys kon lewer dat hulle hul Aansoek en Hoofde van Betoog by die Hof ingedien het nie. Mnr Georgiou sal aanspreeklik gehou word vir die verspilde kostes.

Dit is baie duidelik dat mnr Nic Georgiou en Orthotouch die hofproses probeer frustreer en misbruik met die aanteken van appèl om sodoende verdere tyd te koop. Die HSAG sal egter nie van stryk gebring word nie en sal die sake gedryf word totdat dit aangehoor word. Die regspan is positief oor gunstige uitsprake in beide Howe en sal dit sterk oorweeg word dat daar bestawwende kostebevele teen mnr Nic Georgiou en andere aangevra word.

Sodra die HSAG uitspraak ontvang is in die bovermelde aansoeke, wat geplaas is vir aanhoor op 2 Augustus 2017, asook bevestiging ontvang is van die datum waarop die aansoeke om Verlof tot Appèl te Johannesburg aangehoor sal word, sal die HSAG in 'n posisie wees om dit op die amptelike webblad bekend te maak. Die hofuitsprake (asook die Appèlhof se Bevel) is beskikbaar op ons webblad by www.hsaction.co.za onder *Media, Press releases and notices* en wil ons u uitnooi om dit gerus te lees.

6. **SKIKKINGSONDERHANDELINGE MET MNR NIC GEORGIU/ORTHOTOUCH**

Mnr Nic Georgiou het nie sy woord gestand gedoen oor 'n verbeterde aanbod nie en het die HSAG-bestuur op 4 Mei 2017 besluit om alle skikkingsonderhandelinge met hom op te skort, soos vervat in 'n skrywe van 5 Mei 2017. Intussen gaan die litigasie proses volstoom voort.

7. **SKIKKING BUIE DIE HSAG**

Enige skikking(s) met mnr Nic Georgiou/Orthotouch deur **mnr Helgard Hancke, me Elna Visagie en mnr Herman Lombaard** en/of enige ander persone buite die HSAG

(wat insluit die sogenaamde nuwe Orthotouch “Opsie 4” of “Tweede Rondte Hancke Skikkings”) is erg tot nadeel van diegene wat dit onderteken het.

Diesulke ooreenkomste bevat gewoonlik ’n voorwaarde wat dit duidelik maak dat die belegger algeheel afstand doen van sy/haar reg tot ’n HSAG Klas-aksie teen ál die persone wat beweerdelik skades en verliese veroorsaak het en teen wie opgetree word.

Die aangaan van enige skikking op hierdie basis sal beteken dat die belegger nie meer aan die HSAG Klas-aksie kan deelneem nie en dus afstand gedoen het van sy/haar regte om vir die balans van kapitaal, rente en/of koste te eis.

Mnr Helgard Hancke het onlangs kontrakte uitgestuur om onder andere ook lede van die HSAG te ooreed om skikkingsooreenkomste met Orthotouch te teken. Effektiewelik beteken dit om deur Mnr Hancke te skik sal beleggers van al hul eise wat hulle deur die HSAG teen mnr Nic Georgiou en ander Respondente in die HSAG Klas-aksie het, afstand doen.

Persone wat deur Mnr Hancke geskik het, en reeds hul eerste betaling in terme van die “Skikkingsooreenkoms” ontvang het, het direk tot die volgende terme en voorwaardes toegestem:

- i. Hul eise is slegs teen Orthotouch en spruit hul skuldoorsaak voort uit die Besighedsreddingsplan en nie uit die beweerde valse wanvoorstellings van die Respondente in die HSAG klas-aksie sertifikasie aansoek nie.
- ii. Die belegger(s) aanvaar en stem toe tot die geldige bestaan en regsgevolge van die Art 155-Reëlinskema, terwyl die HSAG tans in die proses is om dit tersyde te stel. Die Art 155-Reëlinskema bepaal byvoorbeeld dat mnr Nic Georgiou en ander Respondente algeheel kwytgeskeld word van aanspreeklikheid. Selfs al sou Orthotouch aan die begin van die skikking sekere bedrae oorbetal in navolging van die skikking, kan dit enige tyd gestaak word en sal daar geen vinnige of goedkoop remedie deur die HSAG wees om dit te vorder nie.
- iii. Die belegger(s) moet hul oorspronklike dokumente by mnr Nic Georgiou se eie prokureurs liasseer. Dit sal onder andere beteken dat, in die geval van ’n dispuut met Orthotouch, die belegger(s) nie hul eie oorspronklike dokumente in hul besit sal hê ten einde hul eise af te dwing nie, wat dit baie moeilik sal maak vir die belegger(s) om regsaksie in te stel. Die belegger(s) moet daarby ook eers bewyse lewer van die betaling van hul bydraes tot regs- en administrasiekoste by die HSAG, alvorens dit betaal sal word.
- iv. Die belegger(s) se aanbod om met Orthotouch te skik is onherroeplik, wat beteken dat hulle nie daaruit kan onttrek nie.
- v. Orthotouch erken nie enige regs aanspreeklikheid in die Hancke-dokument nie. Dit beteken dat, sou Orthotouch byvoorbeeld in die toekoms gelijkwieder word, ’n likwidateur die gelde wat so uitbetaal is aan Orthotouch-beleggers, potensieel kan terugeis.
- vi. Die beleggers sal nie die oorspronklike sessie-dokumente in hul besit hê om enige aksie te staaf indien Orthotouch die terme van die Hancke ooreenkoms verbreek het nie.

- vii. Die beleggers het al hul ander eise verloor (behalwe die 50% vervat in die ooreenkoms) aangesien hul eise dadelik met aanvaarding (deur Orthotouch) oorgedra was aan Orthotouch.
- viii. Die belegger(s) se deelname aan die HSAG Klas-aksie is met onmiddellike effek beëindiging.
- ix. Alle eise van die belegger(s) word geskik op die Hancke-dokument en nie slegs die eise wat met Orthotouch onderteken word nie. (Dit beteken dus dat, as 'n belegger sy eis ten opsigte van een sindikasie geskik het, dit beskou word asof hy/sy al sy/haar eise geskik het).
- x. Indien Orthotouch nie die belegger(s) betaal nie, kan die belegger(s) slegs in hul/hul entiteite se persoonlike hoedanigheid vir Orthotouch individueel dagvaar op grond van die Hancke-kontrak en kan dit nie met behulp van die HSAG Klas-aksie geskied nie. Indien beleggers dus op 'n latere stadium heraansluit by die klas-aksie, sal hulle waarskynlik 'n verweer van verjaring (wat in terme van wetgewing na drie jaar intree) in die gesig staar.
- xi. Geen verdere rente sal betaal word aan die belegger(s) nie, selfs al sou Orthotouch in kontrakbreuk wees. Die beleggers is letterlik in die koue gelaat omdat Orthotouch kontraktueel nie gebonde is om rente te betaal nie.
- xii. Indien Orthotouch gelikwieder word sal die belegger(s) wat deur Mnr Hancke geskik het, moontlik slegs 'n fraksie van hul eise teen die minimale bates wat in die naam van Orthotouch geregistreer is, tot hul beskikking hê.

Dit is algemene kennis dat mnr Nic Georgiou en mev Elna Visagie dreig om mnr Nic Georgiou se entiteite te likwieder. Véél erger nog, ook dat Mev Visagie en Mnr Hancke ene "Opsie 3" bemark, waar alle bates van Orthotouch na 'n nuwe maatskappy wat nog op die JEB genoteer moet word, oorgedra word. Dit beteken dat beleggers wat daardie opsie uitoefen, weinig indien enige, opbrengste sal ontvang as Orthotouch gelikwieder sou word (aangesien alle bates dan in die JEB-maatskappy sal berus).

Persone wat buite die HSAG skik sal geen beskerming vanaf die HSAG tot hul beskikking hê indien Orthotouch nie sy verpligtinge nakom nie. Hulle sal dus regstappe in hul persoonlike hoedanigheid moet instel waarvan die koste astronomies kan wees.

Volgens 'n **summiere verbod** wat die FSB op sy webtuiste op 5 Maart 2012 geplaas het, was Mev Elna Visagie se magtiging om as finansiële adviseur op te tree opgeskort (sien skakel by Item 20 Bladsy 27). Skakel gerus die Raad op Finansiële Dienste by 0800 110 443 of besoek hul webtuiste by www.fsb.co.za om u vrae te beantwoord.

Win asseblief regsadvies in, alvorens u enige verdere dokumentasie met Orthotouch, mnr Nic Georgiou of hul agente soos mev Elna Visagie, mnr Herman Lombaard of enige iemand anders soos mnr Helgard Hancke, onderteken.

8. KOSTE

Vanuit die staanspoor is HSAG-lede in kennis gestel dat, afhangende van die aard en omvang van die saak asook die ondersteuning en samewerking deur voornemende HSAG-eisers, dit verwag kan word dat jaarlikse finansiële bydraes van die HSAG-lede aangevra moet word. Op hierdie stadium was daar slegs twee opvragings vir regs-/admin koste, waarvan die eerste 'n R1 000 bydrae tot regskoste per sindikasie en die tweede R2 000 per persoon was. Dit kom daarop neer dat die lede van die HSAG

vanaf Augustus 2014 tot 19 Mei 2017 minder as R1 per dag per sindikasie moes bydra tot regskoste.

Nieteenstaande voormelde opvragings was daar egter steeds 'n baie groot aantal HSAG lede wat nie op datum was met hul betalings nie, wat uiteraard 'n groter las op die getroue en opbetaalde lede plaas. Nie-opbetaalde lede word dus gesubsidieer deur betalende lede.

Weens die grootte van die HSAG is dit moontlik vir beleggers om slegs 'n fraksie van die koste te betaal. Hulle hoef nie hul eise onderhewig te maak aan 'n gebeurlikheidsooreenkoms ("kommissie") deur die regsverteenwoordigers nie. Suid-Afrikaanse wetgewing magtig dat 25% van beleggers se eisbedrae of dubbeld die regsverteenwoordigers se fooie, welke ookal die minste, afgestaan kan word.

Vanaf einde Mei 2017 word persone met 'n totale eiswaarde van R20 000 of minder en met vooraf skriftelike versoeke aan Theron & Vennote, tegemoet gekom en sal daar nie van hulle verwag word om 'n bydrae tot administrasie- en regskostes te maak nie.

LET WEL: GEEN REGISTRASIE-, ADMINISTRASIE- OF REGSKOSTES IS OP ENIGE STADIUM TERUGBETAALBAAR NIE EN IS DEELNAME AAN DIE HSAG ALGEHEEL VRYWILLIG.

9. OPSIE 2 - UITBETALING

Verskeie beleggers het aangedui dat hulle betalings kragtens Orthotouch se Opsie 2 (40% uitbetaling) ontvang het. Opsie 2 is een van die 3 opsies wat die beleggers ingevolge Orthotouch se Reëlinskema in 2014 kon kies. Orthotouch is tans, kragtens 'n Hooggeregshofbevel, verplig om aan alle persone wat Opsie 2 gekies het, hierdie gelde ten volle uit te betaal.

Dit is egter ons advokatuur se advies dat, om sodanige Opsie 2 te kies, HSAG beleggers nie outomaties afstand gedoen het van hul reg om deel te wees van die HSAG Klas-aksie nie. Beleggers wat 'n betaling op hierdie wyse ontvang het, het die geld ingevolge Opsie 2 ontvang, sonder enige verandering/inkorting van hul regte ten aansien van die HSAG klas-aksie.

Selfs al kon dit op 'n latere stadium deur Mnr Nic Georgiou en Orthotouch geargumenteer word dat die uitoefening van Opsie 2 beteken dat so 'n belegger nie deel kon wees van die HSAG klas-aksie nie, gaan die ontvangs van sodanige gelde nou (onder Opsie 2) nie die posisie vir 'n belegger verander of nadelig beïnvloed nie.

10. BLAAS HIER DIE FLUITJIE OP VALS EN ONDERMYNENDE INLIGTING

Die HSAG het heelwat positiewe reaksie ontvang van beleggers wat hul bewus gemaak het van derde partye (bv mnr Helgard Hancke en mev Elna Visagie), wie voorgee om in belang van die HSAG-lede op te tree maar wat aktief besig is om mnr Nic Georgiou/Orthotouch te ondersteun met smeerveldtogte teen HSAG

ondersteuners, HSAG prokureurs en bestuur. HSAG ondersteuners moet voortgaan om sodanige inligting te verskaf.

Enige relevante of belangrike inligting moet gestuur word na hsagwhistle@gmail.com. Alle inligting wat "Vertroulik" gemerk, aan ons gestuur word sal op 'n anonieme basis hanteer word.

11. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Dit is van uiterste belang dat beleggers die korrekte e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook hul verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie gebruik. Indien 'n belegger 'n e-pos na die verkeerde adres sou stuur kan dit daartoe lei dat daardie e-pos nie die nodige aandag geniet nie wat aanleiding sal gee tot vermorsing van tyd en koste.

Belangrike e-pos adresse deur die HSAG gebruik is as volg:

- i. hsactiongroup@gmail.com vir alle algemene navrae rakende die HSAG klas-aksie.
- ii. hsagenquiries@gmail.com alle spesifieke navrae rakende die HSAG klas-aksie
- iii. hsagregister@gmail.com vir die registrasie van nuwe lede van die HSAG klas-aksie.
- iv. hsagwhistle@gmail.com vir alle vertroulike inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word.
- v. hsagestates@gmail.com vir alle HSAG boedelnavrae en aangeleenthede.

12. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

- i. Sedert begin Januarie 2016 het die HSAG begin om trustopvragings te doen vir 'n bydrae tot regskoste vir die HSAG, Hooggeregshofsake en aanverwante aangeleenthede wat deur die HSAG gedryf word. Sodoende word die HSAG-lede se individuele regte en belange asook die HSAG-groepsregte en belange beskerm. Hierdie bedrag behoort op u staat te reflekteer.
- ii. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en/of geallokeer is nie, en sal dit, indien onder ons aandag kom of gebring word, op 'nlatere staat verskyn:
 - a. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 per sindikasie.
 - b. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak.
 - c. 'n Eenmalige registrasiekoste per sindikasie was ook gehef en sal ook op u staat verskyn.
- iii. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:

- a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie.
 - b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op “Monkey Survey” op ons webTuitste ten einde u inligting op datum te bring of stuur vir ons ’n e-pos na hsagregister@gmail.com.
- iv. Klik asseblief op die skakel om na die “Customer Zone” te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regs-kostes en u betalings kan sien.
- v. Weens aaneenlopende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op ’n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
- vi. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (normaalweg maandeliks) uitgestuur word, maar u skakel na die “Customer Zone” sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
- vii. Indien daar enige uitstaande bedrae is word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort word.
- viii. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik ’n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.
- ix. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvoggig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word.
- x. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG klas-aksie nie moontlik sou wees nie.
- xi. U kan verseker staatmaak op ons onverdeelde lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
- xii. Enige spesifieke navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

Theron en Vennote

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com